SÊ JOU SÊ!

# METROPOLITAANSE POLISIEDEPARTEMENT VAN DIE STAD KAAPSTAD (CTMPD) SE KONSEPJAARPLAN VIR 2026/2027

Die Stad Kaapstad se metropolitaanse polisiedepartement nooi jou om saam met ons 'n jaarlikse polisieplan vir die tydperk Julie 2026 tot Junie 2027 op te stel.

**Die jaarlikse polisieplan sal toegespits wees op die departement se drie wetgewende mandate, naamlik verkeerstoepassing, verordeningtoepassing en misdaadvoorkoming, met die klem op die bestryding van die volgende:**
- Bendeverwante aktiwiteite
- Oortreding van die Wet op Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000
- Alkohol- en dwelmverwante oortredings
- Misdaad teen vroue en kinders
- Oortreding van verordeninge, insluitende onwettige storting
- Verkeersoortredings en voertuigdefekte

**Ons sal ook voortgaan met die bevordering van ons maatskaplike misdaadvoorkoming en tegnologiese inisiatiewe soos:**
- Jeugkadetprogramme
- Jeugkampprogramme
- Geslotebaantelevisiemonitering en -reaksie
- Implementering van noodpolisiëringsinsidentbeheer (EPIC)

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe genooi om van 29 Mei tot 29 Junie 2026 kommentaar, aanbevelings of insette by die munisipaliteit in te dien.

**Dien asseblief jou insette, kommentaar en voorstelle op een van die volgende maniere by die departement in:**
- E-pos: charles.rudman@capetown.gov.za
- Per hand: Voorstelhouers by enige van die metropolitaanse polisiedepartement se gemeenskapsdienssentrums

**Die metropolitaanse polisiedepartement se gemeenskapsdienssentrums se adresse is soos volg:**
- Gebied noord: Hoek van Jakkalsvleilaan en Honeysucklestraat, Bonteheuwel
- Gebied suid: Rochesterweg, Philippi (ou Telkomgebou)
- Gebied oos: Hoek van Govan Mbeki- en Steve Biko-weg, Mandela Park, Khayelitsha
- Gebied wes: Hoek van Strand- en Hudsonstraat, Kaapstad-middestad
- CTMPD se hoofkantoor: 4de verdieping, Hertzog-boulevard, Kaapstad

'n Werkswinkel met die volgende rolspelers sal in Junie 2026 plaasvind.
- Die Suid-Afrikaanse Polisiediens
- Gemeenskapspolisiëringsforums
- Interne departemente van die Stad Kaapstad

**Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdheid leef en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien. Kontak Anathi Dywili by 021 400 9825 of anathi.dywili@capetown.gov.za.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA112/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.